BUITENGEWONE EXTRAORDINARY

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 927
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 10c PRICE
OORSEE 15c OVERSEAS
POSVRY—POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 927
Registered at the Post Office as a Newspaper

VOL. 33.] PRETORIA, 22 MAART / 22 MARCH 1968. [No. 2017.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

DEPARTEMENT VAN VERVOER.

No. R. 471. 22 Maart 1968.

DIE EKSAMENREGULASIES VIR INGENIEUROFFISIERE, 1968.

Die Minister van Vervoer het, kragtens die bepalings van artikel 356 (1) van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), soos gewysig, die Regulasies in verband met die Eksamens in Ingenieuroffisiere, 1960 soos afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 735 gedateer 27 Mei 1960 en gewysig by Goewermentskennisgewing No. R. 974 gedateer 10 November 1961, herroep en kragtens genoemde artikel die regulasies in die Bylae hiervan uitgevaardig met ingang in beide gevalle, vanaf 5 April 1968.

BYLAE.

INHOUDSOPGAWE.

HOOFSTUK I.

ALGEMEEN.

Regulasie No.

1. Titel van hierdie regulasies.
2. Vertolking.
3. Oorweging van twyfelagtige gevalle.
4. Plekke waar eksamens afgeneem word.
5. Aansoekvorm.
6. Ander dokumente wat ingedien moet word.
7. Getuigskrifte.
8. Doofheid en ander liggaams- of geestesgebreke.
9. Diens onvoldoende bevind.
10. Afskrifte van verlore sertifikate.
11. Wangedrag van kandidate.

HOOFSTUK II.

KWALIFIKASIES VEREIS VAN 'N KANDIDAAT VIR 'N SERTIFIKAAT VAN BEKWAAMHEID AS TWEEDE INGENIEUROFFISIER (KUSVAART) EN ENDOSSEMENT OF HOOF-INGENIEUROFFISIER (KUSVAART) EN ENDOSSEMENT.

A. *Kandidaat vir 'n Sertifikaat van Bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart) en Endossement.*

12. Ouderdom van kandidaat.
(1) Werkwinkeldiens.

GOVERNMENT NOTICE.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

No. R. 471. 22 March 1968.

THE EXAMINATION REGULATIONS FOR ENGINEER-OFFICERS, 1968.

The Minister of Transport has, under the provisions of section 356 (1) of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), as amended, repealed the Examination Regulations for Engineer-Officers, 1960 promulgated by Government Notice No. R. 735 dated 27 May 1960 as amended by Government Notice No. R. 974 dated 10 November 1961 and has, in terms of the said section, made the regulations contained in the Schedule hereto, with effect in each case from 5 April 1968.

THE SCHEDULE.

ARRANGEMENT OF REGULATIONS.

CHAPTER I.

GENERAL.

Regulation No.

1. Title of these regulations.
2. Interpretation.
3. Consideration of doubtful cases.
4. Places of examination.
5. Form of application.
6. Other documents to be submitted.
7. Testimonials.
8. Deafness and other physical and mental disabilities.
9. Service found to be insufficient.
10. Copies of lost certificates.
11. Misconduct by candidates.

CHAPTER II.

QUALIFICATIONS REQUIRED OF A CANDIDATE FOR A CERTIFICATE OF COMPETENCY AS SECOND ENGINEER-OFFICER (COASTING) AND ENDORSEMENT OR, CHIEF ENGINEER-OFFICER (COASTING) AND ENDORSEMENT.

A. *Candidate for a Certificate of Competency as Second Engineer-Officer (Coasting) and Endorsement.*

12. Age of candidate.
(1) Workshop service.

13. Diens as leerlingingenieur of ambagsgesel.
14. Studente of tegniese vakleerlingskappe.
15. Voltydse of stapelkursusse aan tegniese skole, tegniese kolleges of universiteite.
16. Vergoedende diens.
    (2) Seediens.
17. Tydperk seediens vereis van 'n kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart).
18. Tydperk seediens vereis vir die endossering van 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart).
19. Tipe seediens vereis van 'n kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart) en endossement.
20. Kwytskelding van seediens vir 'n kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart).

B. *Kandidaat vir 'n Sertifikaat van Bekwaamheid as Hoof-Ingenieuroffisier (Kusvaart) en Endossement.*

21. Tydperk seediens vereis van 'n kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Hoof-ingenieuroffisier (Kusvaart).
22. Tydperk seediens vereis vir die endossering van 'n sertifikaat van bekwaamheid as Hoof-ingenieuroffisier (Kusvaart).
23. Tipe seediens vereis van 'n kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Hoof-ingenieuroffisier (Kusvaart) en endossement.
24. Kwytskelding van seediens vir 'n kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Hoof-ingenieuroffisier (Kusvaart).
25. Eksamen vir 'n sertifikaat van Bekwaamheid as Hoof-ingenieuroffisier (Kusvaart) sonder dat 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart) voorgelê word.

HOOFSTUK III.

KWALIFIKASIES VEREIS VAN 'N KANDIDAAT VIR 'N SERTIFIKAAT VAN BEKWAAMHEID AS TWEEDE INGENIEUROFFISIER (VREEMDE VAART) EN ENDOSSEMENT OF HOOF-INGENIEUROFFISIER (VREEMDE VAART) EN ENDOSSEMENT.

A. *Kandidaat vir 'n Sertifikaat van Bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Vreemde Vaart) en Endossement.*

26. Ouderdom van kandidaat.
    (1) Werkwinkeldiens.
27. Diens as leerlingingenieur of ambagsgesel.
28. Studente- of tegniese vakleerlingskappe.
29. Voltydse of stapelkursusse aan tegniese skole, tegniese kolleges of universiteite.
30. Vergoedende diens.
    (2) Seediens.
31. Tydperk seediens vereis van 'n kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Vreemde Vaart).
32. Tydperk seediens vereis vir die endossering van 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Vreemde Vaart).
33. Tipe seediens vereis van 'n kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Vreemde Vaart) en endossement.
34. Kwytskelding van seediens vir 'n kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Vreemde Vaart).

13. Service as Apprentice Engineer or Journeyman.
14. Student or Technical Apprenticeships.
15. Full-time or Sandwich Technical School, College or University Courses.
16. Compensatory service.
    (2) Sea service.
17. Period of sea service required of a candidate for a certificate of competency as Second Engineer-Officer (coasting).
18. Period of sea service required for the endorsement of a certificate of competency as Second Engineer-Officer (coasting).
19. Type of sea service required of a candidate for a certificate of competency as Second Engineer-Officer (coasting) and endorsement.
20. Remission of sea service for a candidate for a certificate of competency as Second Engineer-Officer (coasting).

B. *Candidate for a Certificate of Competency as Chief Engineer-Officer (Coasting) and Endorsement.*

21. Period of sea service required of a candidate for a certificate of competency as Chief Engineer-Officer (coasting).
22. Period of sea service required for the endorsement of a certificate of competency as Chief Engineer-Officer (coasting).
23. Type of sea service required of a candidate for a certificate of competency as Chief Engineer-Officer (coasting) and endorsement.
24. Remission of sea service for a candidate for a certificate of competency as Chief Engineer-Officer (coasting).
25. Examination for a certificate of competency as Chief Engineer-Officer (coasting) without the production of a certificate of competency as Second Engineer-Officer (coasting).

CHAPTER III.

QUALIFICATIONS REQUIRED OF A CANDIDATE FOR A CERTIFICATE OF COMPETENCY AS SECOND ENGINEER-OFFICER (FOREIGN-GOING) AND ENDORSEMENT OR CHIEF ENGINEER-OFFICER (FOREIGN-GOING) AND ENDORSEMENT.

A. *Candidate for a certificate of Competency as Second Engineer-Officer (Foreign-Going) and Endorsement.*

26. Age of candidate.
    (1) Workshop service.
27. Service as Apprentice Engineer or Journeyman.
28. Student or Technical Apprenticeships.
29. Full-time or Sandwich Technical School, College or University Courses.
30. Compensatory service.
    (2) Sea Service.
31. Period of sea service required of a candidate for a certificate of competency as Second Engineer-Officer (foreign-going).
32. Period of sea service required for the endorsement of a certificate of competency as Second Engineer-Officer (foreign-going).
33. Type of sea service required of a candidate for a certificate of competency as Second Engineer-Officer (foreign-going) and endorsement.
34. Remission of sea service for a candidate for a certificate of competency as Second Engineer-Officer (foreign-going).

B. *Kandidaat vir 'n Sertifikaat van Bekwaamheid as Hoof-Ingenieuroffisier (Vreemde Vaart) en Endossement.*

35. Tydperk seediens vereis van 'n kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Hoof-ingenieuroffisier (Vreemde Vaart).
36. Tydperk seediens vereis vir die endossering van 'n sertifikaat van bekwaamheid as Hoof-ingenieuroffisier (Vreemde Vaart).
37. Tipe seediens vereis van 'n kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Hoof-ingenieuroffisier (Vreemde Vaart) en endossement.
38. Kwytskelding van seediens vir 'n kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Hoof-ingenieuroffisier (Vreemde Vaart).
39. Eksamen vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Hoof-ingenieuroffisier (Vreemde Vaart) sonder dat 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Vreemde Vaart) voorgelê word.

HOOFSTUK IV.

KWALIFIKASIES VEREIS VAN 'N KANDIDAAT VIR 'N SERTIFIKAAT VAN BEKWAAMHEID AS HOOF-INGENIEUROFFISIER—SPESIALE GRAAD.

40. Algemeen.

HOOFSTUK V.

ALGEMENE BEPALINGS BETREFFENDE AANVAARBAARHEID. (NIE OP 'N KANDIDAAT VIR 'N SERTIFIKAAT VAN BEKWAAMHEID AS HOOF-INGENIEUROFFISIER — SPESIALE GRAAD —VAN TOEPASSING NIE.)

41. Algemeen.
42. Hoe seediens bereken word.
43. Diens by hulpmasjiene.

HOOFSTUK VI.

EKSAMENGELDE (ALLE KANDIDATE.)

44. Wanneer om gelde te betaal.
45. Waar om gelde te betaal.
46. Tabel van eksamengelde.
47. Terugbetaling van eksamengelde.

HOOFSTUK VII.

EKSAMENS: SERTIFIKAAT VAN BEKWAAMHEID AS TWEEDE INGENIEUR-OFFISIER (KUSVAART) EN ENDOSSEMENT, OF HOOF-INGENIEUROFFISIER (KUSVAART) EN ENDOSSEMENT.

48. Eksamen vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart) of Hoof-ingenieuroffisier (Kusvaart).
49. Eksamen vir endossering van 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Igenieuroffisier (Kusvaart) of Hoof-ingenieuroffisier (Kusvaart).
50. Punte vereis vir slaging.

HOOFSTUK VIII.

EKSAMENS: SERTIFIKAAT VAN BEKWAAMHEID AS TWEEDE INGENIEUROFFISIER (VREEMDE VAART) EN ENDOSSEMENT OF HOOF-INGENIEUROFFISIER (VREEMDE VAART) EN ENDOSSEMENT.

51. Eksamen vir sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Vreemde Vaart).
52. Eksamen vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Hoof-ingenieuroffisier (Vreemde Vaart).

B. *Candidate for a Certificate of Competency as Chief Engineer-Officer (Foreign-going) and Endorsement.*

35. Period of sea service required of a candidate for a certificate of competency as Chief Engineer-Officer (foreign-going).
36. Period of sea service required for the endorsement of a certificate of competency as Chief Engineer-Officer (foreign-going).
37. Type of sea service required of a candidate for a certificate of competency as Chief Engineer-Officer (foreign-going) and endorsement.
38. Remission of sea service for a candidate for a certificate of competency as Chief Engineer-Officer (foreign-going).
39. Examination for a certificate of competency as Chief Engineer-Officer (foreign-going) without production of a certificate of competency as Second Engineer-Officer (foreign-going).

CHAPTER IV.

QUALIFICATIONS REQUIRED OF A CANDIDATE FOR A CERTIFICATE OF COMPETENCY AS CHIEF ENGINEER-OFFICER—SPECIAL GRADE.

40. General.

CHAPTER V.

GENERAL PROVISIONS AS TO ELIGIBILITY. (NOT APPLICABLE TO A CANDIDATE FOR A CERTIFICATE OF COMPETENCY AS CHIEF ENGINEER-OFFICER—SPECIAL GRADE.)

41. General.
42. How sea service is calculated.
43. Service on auxiliary machinery.

CHAPTER VI.

EXAMINATION FEES (ALL CANDIDATES).

44. When to pay fees.
45. Where to pay fees.
46. Table of examination fees.
47. Refund of examination fees.

CHAPTER VII.

EXAMINATIONS: CERTIFICATE OF COMPETENCY AS SECOND ENGINEER-OFFICER (COASTING) AND ENDORSEMENT, OF CHIEF ENGINEER-OFFICER (COASTING) AND ENDORSEMENT.

48. Examination for a certificate of competency as Second Engineer-Officer (coasting) or Chief Engineer-Officer (coasting).
49. Examination for endorsement of a certificate of competency as Second Engineer-Officer (coasting) or Chief Engineer-Officer (coasting).
50. Marks required for pass.

CHAPTER VIII.

EXAMINATIONS: CERTIFICATE OF COMPETENCY AS SECOND ENGINEER-OFFICER (FOREIGN-GOING) AND ENDORSEMENT, OR CHIEF ENGINEER-OFFICER (FOREIGN-GOING) AND ENDORSEMENT.

51. Examination for a certificate of competency as Second Engineer-Officer (foreign-going).
52. Examination for a certificate of competency as Chief Engineer-Officer (foreign-going).

53. Eksamen vir endossering van 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Vreemde Vaart) of Hoof-ingenieuroffisier (Vreemde Vaart).
54. Punte vereis vir slaging.

HOOFSTUK IX.

EKSAMENS: SERTIFIKAAT VAN BEKWAAMHEID AS HOOF-INGENIEUROFFISIER—SPESIALE GRAAD.

55. Algemeen.

HOOFSTUK X.

DRUIPING IN EKSAMEN VIR 'N ANDER SERTIFIKAAT VAN BEKWAAMHEID AS DIE AS HOOF-INGENIEUROFFISIER—SPESIALE GRAAD.

56. Algemeen.

HOOFSTUK XI.

AFNEEM VAN EKSAMENS (ALLE KANDIDATE).

57. Kandidate moet op tyd wees.
58. Vreemdelinge nie toegelaat nie.
59. Stilte.
60. Los velle papier en boeke.
61. Gebruik van wiskundetafels.
62. Gebruik van instrumente.
63. Ongeoorloofde boeke en papiere streng verbode.
64. Beskadiging van boeke, instrumente, ens.
65. Verlating van kamer.
66. Alle werk moet getoon word.
67. Straf vir afskryf, ens.
68. Kandidate kan van eie metodes gebruik maak.
69. Straf vir oortreding van regulasies.

HOOFSTUK XII.

UITREIKING VAN SERTIFIKATE.

70. Magtiging vir lewering van bekwaamheidsertifikate.
71. Vorm van bekwaamheidsertifikaat en dienssertifikaat.
72. Uitreiking van sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart), Hoof-ingenieuroffisier (Kusvaart), Tweede Ingenieuroffisier (Vreemde Vaart) of Hoof-ingenieuroffisier (Vreemde Vaart).
73. Endossering van bekwaamheidsertifikaat.
74. Uitreiking van sertifikaat van bekwaamheid as Hoof-ingenieuroffisier—Spesiale Graad.
75. Dienssertifikaat.

AANHANGSELS.

Aanhangsel 1: Lys van vorms wat in hierdie regulasies verskyn.
Aanhangsel 2: Voorbeeld van vorm van getuigskrif oor werkwinkeldiens.
Aanhangsel 3: Leerplanne vir die eksamens van Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart) en Hoof-ingenieuroffisier (Kusvaart).
Aanhangsel 4: Leerplanne vir eksamens van Tweede Ingenieuroffisier (Vreemde Vaart) en Hoof-ingenieuroffisier (Vreemde Vaart).
Aanhangsel 5: Leerplan vir die eksamen van Hoof-ingenieuroffisier—Spesiale Graad.
Aanhangsel 6: Sertifikate van bekwaamheid.
Aanhangsel 7: Dienssertifikaat.

53. Examination for endorsement of a certificate of competency as Second Engineer-Officer (foreign-going) or Chief Engineer-Officer (foreign-going).
54. Marks required for pass.

CHAPTER IX.

EX MINATIONS: CERTIFICATE OF COMPETENCY AS CHIEF ENGINEER-OFFICER—SPECIAL GRADE.

55. General.

CHAPTER X.

FAILURE IN EXAMINATION FOR A CERTIFICATE OF COMPETENCY OTHER THAN AS CHIEF ENGINEER-OFFICER—SPECIAL GRADE.

56. General.

CHAPTER XI.

CONDUCT OF EXAMINATIONS. (ALL CANDIDATES.)

57. Candidates to be punctual.
58. No strangers admitted.
59. Silence.
60. Loose papers and books.
61. Use of mathematical tables.
62. Use of instruments.
63. Unauthorised books and papers strictly forbidden.
64. Damage to books, instruments, etc.
65. Leaving room.
66. All work to be shown.
67. Penalty for copying, etc.
68. Candidates may use own method.
69. Penalty for breach of regulations.

CHAPTER XII.

ISSUE OF CERTIFICATES.

70. Authority for delivery of certificates of competency.
71. Form of certificate of competency and certificate of service.
72. Issue of certificate of competency as Second Engineer-Officer (coasting), Chief Engineer-Officer (coasting), Second Engineer-Officer (foreign-going) or Chief Engineer-Officer (foreign-going).
73. Endorsement of a certificate of competency.
74. Issue of a certificate of competency as Chief Engineer-Officer—Special Grade.
75. Certificate of service.

ANNEXES.

Annex 1: List of forms appearing in these regulations.
Annex 2: Specimen form of testimonial for workshop service.
Annex 3: Syllabuses for the examinations of Second Engineer-Officer (coasting) and Chief Engineer-Officer (coasting).
Annex 4: Syllabuses for examinations of Second Engineer-Officer (foreign-going) and Chief Engineer-Officer (foreign-going).
Annex 5: Syllabus for the examination of Chief Engineer-Officer—Special Grade.
Annex 6: Certificates of competency.
Annex 7: Certificate of service.

HOOFSTUK I.

ALGEMEEN.

Titel van hierdie Regulasies.

1. Hierdie regulasies heet die Eksamenregulasies vir Ingenieuroffisiere, 1968.

** Vertolking.*

2. In hierdie regulasies beteken die uitdrukking „die Wet" die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), en tensy die samehang anders aandui, het enige uitdrukking wat in hierdie regulasies gebruik word en waarvoor in die Wet 'n betekenis aangegee is, die aldus aangegewe betekenis, en beteken—

"goedgekeur" deur die Sekretaris goedgekeur;

"Hoof-ingenieuroffisier (Kusvaart)" 'n Hoof-ingenieuroffisier van 'n kusvaarder;

"Hoof-ingenieuroffisier (Vreemde Vaart)" 'n Hoof-ingenieuroffisier van 'n skip op vreemde vaart;

"dagwerk" ingenieurswerk op 'n skip gedoen deur 'n ingenieuroffisier wat as lid van die bemanning in diens is, uitgesonderd ingenieurswerk op gereelde waghoudiens;

"eksaminator" die persoon wat kragtens artikel 77 (4) van die Wet as sodanige aangestel is;

"perdekrag" onder meer—

(*a*) waar suierstoommasjiene gebruik word, aangegewe perdekrag;

(*b*) waar motorenjins gebruik word, remperdekrag; en

(*c*) waar stoomturbines gebruik word, asperdekrag;

"lang seereis" 'n seereis waarin die uiterste hawens wat die skip in die loop van die seereis besoek, minstens 500 myl uit mekaar is;

"seediens" in die geval van 'n kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart) of Hoof-ingenieuroffisier (Kusvaart) ook modderskuite, baggerskepe of sleepbote wat in 'n hawe gebruik word;

"Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart)" 'n Tweede Ingenieuroffisier van 'n kusvaarder;

"Tweede Ingenieuroffisier (Vreemde Vaart)" 'n Tweede Ingenieuroffisier van 'n skip op vreemde vaart; en

"kort seereis" 'n seereis waarin die uiterste hawens wat die skip in die loop van die seereis besoek, minder as 500 myl uit mekaar is.

Oorweging van Twyfelagtige Gevalle.

3. In alle gevalle van onsekerheid oor die toepassing of vertolking van hierdie regulasies of in die geval van onsekerheid oor die aanvaarbaarheid van 'n kandidaat se diens- of ander kwalifikasies vir 'n bekwaamheidsertifikaat of vir sy toelating tot 'n eksamen vir so 'n sertifikaat moet die saak, indien dit na die Sekretaris verwys word, deur laasgenoemde uitgemaak word en is dié se beslissing finaal.

* Vir die toepassing van hierdie regulasies het die Minister die volgende beamptes as „bevoegde beamptes" in die Republiek aangewys:—

Te Kaapstad, Durban, Port Elizabeth, Walvisbaai en Saldanhabaai: Die Eerste Beampte van die Marineafdeling.

Te Oos-Londen, Mosselbaai, Port Nolloth en Lüderitz: Die Koopvaardymeester.

(*L.W.*—Leiding in verband met die aflees van die waterpeilglas, 'n lys van voorgestelde handboeke en voorbeelde van eksamenvraestelle kan verkry word deur aansoek te doen by die Sekretaris van Vervoer, Privaatsak 193, Pretoria, of die Eerste Beampte van die Marineafdeling te Kaapstad, Durban, Port Elizabeth, Walvisbaai of Saldanhabaai of die Koopvaardymeester te Oos-Londen, Mosselbaai, Port Nolloth of Lüderitz.)

CHAPTER I.

GENERAL.

Title of These Regulations.

1. These regulations are called the Examination Regulations for Engineer-Officers, 1968.

** Interpretation.*

2. In these regulations the expression "the Act" means the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), and unless the context otherwise indicates, any expression used in these regulations to which a meaning has been assigned in the Act, bears the meaning so assigned, and—

"approved" means approved by the Secretary;

"Chief Engineer-Officer (coasting)" means a Chief Engineer-Officer of a coasting ship;

"Chief Engineer-Officer (foreign-going)" means a Chief Engineer-Officer of a foreign-going ship;

"day-work" means engineering work, other than on regular watch, performed in a ship by an Engineer-Officer employed as member of the crew;

"examiner" means the person appointed as such in terms of section 77 (4) of the Act;

"horse-power" includes—

(*a*) where reciprocating steam engines are employed, indicated horse power;

(*b*) where motor engines are employed, brake horse-power; and

(*c*) where steam turbines are employed, shaft horse-power;

"long voyage" means a voyage in which the distance between the extreme ports visited by the ship in the course of a voyage is not less than 500 miles;

"sea service" includes service in hoppers, dredgers or tugs operating in port, in the case of a candidate for a certificate of competency as Second Engineer-Officer (coasting) or Chief Engineer-Officer (coasting);

"Second Engineer-Officer (coasting)" means a Second Engineer-Officer of a coasting ship;

"Second Engineer-Officer (foreign-going)" means a Second Engineer-Officer of a foreign-going ship; and

"short voyage" means a voyage in which the distance between the extreme ports visited by the ship in the course of the voyage is less than 500 miles.

Consideration of Doubtful Cases.

3. In all cases of doubt as to the application or interpretation of these regulations, or, if any doubt arises as to the acceptance of the service or other qualifications of any candidate for a certificate of competency or for his admission to an examination for such a certificate, the matter shall, if referred to the Secretary, be decided by him and his decision shall be final.

* For the purposes of these regulations, the Minister has designated the following officers as "proper officers" in the Republic:—

At Cape Town, Durban, Port Elizabeth, Walvis Bay and Saldanha Bay: The Principal Officer of the Marine Division;

At East London, Mossel Bay, Port Nolloth and Lüderitz: The Shipping Master.

(*N.B.*—Guidance as to the reading of the water gauge, a list of suggested text books and specimen examination papers may be obtained on application to the Secretary for Transport, Private Bag 193, Pretoria, or the Principal Officer of the Marine Division at Cape Town, Durban, Port Elizabeth, Walvis Bay or Saldanha Bay or the Shipping Master at East London, Mossel Bay, Port Nolloth or Lüderitz.)

Plekke waar Eksamens Afgeneem word.

4. Eksamens vir bekwaamheidsertifikate moet in Kaapstad en Durban afgeneem word op tydstippe wat van die bevoegde beampte vasgestel is; met dien verstande dat van tyd tot tyd spesiale reëlings getref kan word om eksamens elders as in Kaapstad en Durban af te neem.

Aansoekvorm.

5. 'n Kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat moet vorm T.V. 5/102, soos in Aanhangsel 1 uiteengesit, invul.

Ander Dokumente wat Ingedien moet word.

6. (1) 'n Kandidaat vir 'n ander bekwaamheidsertifikaat as dié van Hoof-ingenieuroffisier—Spesiale Graad—moet seker maak dat die vorm vermeld in regulasie 5, vergesel van sy—

(*a*) geboortesertifikaat of ander aanneemlike ouderdomsbewys;

(*b*) vakleerlingsertifikaat;

(*c*) ontslagsertifikate, indien hy sulke sertifikate het; en

(*d*) getuigskrifte,

by die kantoor van die eksaminator by die hawe waar die kandidaat geëksamineer wil word, ingelewer word of gepos word om genoemde eksaminator te bereik minstens 14 dae voor die datum waarop die kandidaat geëksamineer wil word, of dat vermelde dokumente by die kantoor van die bevoegde beampte by enige ander hawe ingelewer word of gepos word sodat hulle sodanige bevoegde beampte bereik minstens 21 dae voor die datum van die eksamen; met dien verstande dat die eksaminator die kandidaat kan toelaat om eksamen te doen al word vermelde dokumente ook later ingelewer of gepos as wat by hierdie regulasie bepaal word.

(2) Indien 'n kandidaat in besit is van 'n geldige bekwaamheid- of dienssertifikaat, moet hy sodanige sertifikaat aan die eksaminator oorhandig alvorens hy toegelaat word om die eksamen te doen.

Getuigskrifte.

7. (1) Behoudens die bepalings van regulasie 11 moet 'n kandidaat vir 'n ander bekwaamheidsertifikaat as dié van Hoof-ingenieuroffisier—Spesiale Graad—getuigskrifte voorlê wat sy werkwinkeldiens en sy seediens dek.

(2) Elke getuigskrif moet gestel wees in een van die vorms uiteengesit in Aanhangsel 2 of in 'n ander vorm met wesenlik dieselfde strekking.

(3) Die getuigskrifte oor sy werkwinkeldiens moet van die kandidaat se gedrag en bekwaamheid gewag maak en meld watter soort werk hy gedoen en die tydperk wat hy aan elke vertakking, bv. paswerk, oprigtingswerk, draaiwerk, masjienwerk, ens., bestee het. Hierdie getuigskrifte moet deur die werkgewer of sy verteenwoordiger geteken wees.

(4) Die getuigskrifte oor sy bekwamende seediens moet van die kandidaat se matigheid, ervaring, bekwaamheid en algemene goeie gedrag gewag maak en moet meld wat sy werklike rang op waghoudiens is, hoeveel Ingenieuroffisiere gelyktydig by die ketels en/of die hoofaandrywingsmasjinerie waghoudiens verrig en wat die aard is van die werk wat hy gedoen het. Hierdie getuigskrifte moet geteken word deur die Hoof-Ingenieuroffisier onder wie die diens verrig is, en, indien moontlik, moet hulle ook geëndosseer word deur die Ingenieursuperintendent of, waar daar nie so 'n superintendent is nie, deur die gesagvoerder of die verteenwoordiger van die eienaar. Waar die kandidaat 'n Hoof-Ingenieuroffisier is, moet die getuigskrifte deur die Ingenieursuperintendent of besturende eienaar of die sekretaris van die maatskappy onderteken word.

Places of Examination.

4. Examinations for certificates of competency shall be held at Cape Town and Durban at such times as may be ascertained from the proper officer: Provided that special arrangements may be made from time to time for examinations to be held at places other than Cape Town and Durban.

Form of Application.

5. A candidate for a certificate of competency shall complete the form T.V. 5/102 set forth in Annex 1.

Other Documents to be Submitted.

6. (1) A candidate for a certificate of competency, other than as Chief Engineer-Officer—Special Grade, shall ensure that the form mentioned in regulation 5 accompanied by his—

(*a*) birth certificate, or other acceptable proof of age;

(*b*) certificate of apprenticeship;

(*c*) certificates of discharge, if any; and

(*d*) testimonials,

is handed in at the office of, or posted so as to reach, the examiner at the port at which the candidate wishes to be examined at least 14 days before the date on which he wishes to be examined, or is handed in at the office, or posted so as to reach, the proper officer at any other port at least 21 days before the date of the examination: Provided that the examiner may allow the candidate to sit even if the said documents are handed in or posted later than is required by this regulation.

(2) If a candidate is in possession of a valid certificate of competency or service, he shall, before being admitted to the examination, hand in such certificate to the examiner.

Testimonials.

7. (1) Subject to the provisions of regulation 11, a candidate for a certificate of competency, other than Chief Engineer-Officer—Special Grade, shall produce testimonials covering his workshop service and his sea service.

(2) Every testimonial shall be in one of the forms set forth in Annex 2 or in some other form substantially to the like effect.

(3) The testimonials covering his workshop service shall testify to the candidate's conduct and ability, and state the kind of work on which he was engaged and the period of time spent in each branch, e.g. fitting, erecting, turning, machine work, etc. These testimonials shall be signed by the employer or his representative.

(4) The testimonials covering his qualifying sea service shall testify to the candidate's sobriety, experience, ability and general good conduct and state his actual rank on watch, the number of Engineer-Officers simultaneously on watch on the boilers and/or the main propelling machinery and the nature of the duties performed by him. These testimonials shall be signed by the Chief Engineer-Officer under whom the service has been performed and, if possible, they shall also be endorsed by the Engineer Superintendent or where there is no such Superintendent by the master or representative of the owner. Where the candidate is a Chief Engineer-Officer, the testimonials shall be signed by the Engineer Superintendent or managing owner or the secretary of the company.

(5) Indien 'n kandidaat effens hardhorend is of aan 'n ander liggaamsgebrek ly wat van so 'n aard is dat dit die behoorlike vervulling van sy pligte as Ingenieuroffisier op waghoudiens kan belemmer, moet in sy getuigskrifte vermeld word of die gebrek inderdaad die behoorlike vervulling van die kandidaat se pligte op enige wyse belemmer het.

Doofheid en ander Liggaams- of Geestesgebreke.

8. (1) Indien die eksaminator in die loop van 'n eksamen vind dat 'n kandidaat doof is of 'n spraakgebrek het of aan die een of ander liggaamlike of geestelike swakheid ly en sodanige eksaminator daarvan oortuig is dat die mate van doofheid of gebrek of ander swakheid sodanig is dat dit die kandidaat onbekwaam maak vir die vervulling van die gewone pligte van die skeepsrang wat die sertifikaat waarvoor hy geëksamineer word, hom die reg sou gee om te beklee, moet hy die kandidaat, indien dié dit verlang, toelaat om die eksamen te voltooi en moet hy die saak aan die Sekretaris rapporteer met die oog op sodanige stappe as wat laasgenoemde nodig ag.

(2) Ongeag die bepalings van hierdie regulasies mag 'n vorm T.V. 5/106 of 'n bekwaamheidsertifikaat nie uitgereik word aan 'n kandidaat wat in subregulasie (1) vermeld word en die eksamen deurgekom het nie; met dien verstande dat 'n bekwaamheidsertifikaat uitgereik kan word aan 'n kandidaat wat na slaging in die eksamen aan die Sekretaris bevredigende bewys lewer dat sy gehoor, spraak of liggaamlike of geestelike toestand verbeter het of normaal is.

Diens Onvoldoende Bevind.

9. (1) Indien 'n kandidaat die eksamen deurgekom het en daarna ontdek word dat sy diens onvoldoende is om hom geregtig te maak tot die ontvangs van 'n sertifikaat van die graad waarvoor hy geslaag het, mag die sertifikaat behoudens die bepalings van hierdie regulasie nie aan hom toegeken word nie.

(2) Indien die Sekretaris nie daarvan oortuig is dat die fout in die berekening van die kandidaat se diens deur die fout van of deur opsetlike wanvoorstelling deur die kandidaat veroorsaak is nie, moet die sertifikaat teruggehou word tot tyd en wyl bevredigende bewys gelewer is dat al die nodige diens voltooi is, en daarna moet die sertifikaat behoudens die bepalings van hierdie regulasies aan die kandidaat uitgereik word.

(3) As die Sekretaris daarvan oortuig is dat die fout opsetlik gemaak is, moet die sertifikaat teruggehou word tot tyd en wyl die kandidaat al die nodige bekwamende diens en ook sodanig verdere diens as wat die Sekretaris bepaal, voltooi, weer die toepaslike bedrag betaal en weer die eksamen deurgekom het.

(4) Addisionele diens wat ooreenkomstig subregulasie (3) deur 'n kandidaat gelewer is, geld nie as bekwamende diens vir 'n ander sertifikaat nie.

Afskrifte van Verlore Sertifikate.

10. Die aanvraer van 'n gewaarmerkte afskrif van 'n verlore sertifikaat, ongeag of dit 'n bekwaamheid- of 'n dienssertifikaat is, moet die voorgeskrewe aansoekvorm T.V. 5/103, soos uiteengesit in Aanhangsel 1, met verstrekking van die nodige besonderhede invul, sodanige aansoek aan die bevoegde beampte oorhandig en terselfdertyd die bedrag van R2 betaal. Die applikant moet voor die bevoegde beampte 'n verklaring doen oor die omstandighede waarin die sertifikaat verloor is en sodanige beampte moet die aansoek van die Sekretaris deurstuur.

(5) If a candidate is somewhat hard of hearing or suffers from any other physical defect of such a nature that it might interfere with the proper performance of his duties as an Engineer-Officer on watch, it shall be stated in his testimonials whether the defect did in fact interfere in any way with the proper performance of the candidate's duties.

Deafness and Other Physical and Mental Disabilities.

8. (1) If during the progress of an examination the examiner finds that a candidate is deaf, or has an impediment in his speech, or suffers from some other physical or mental infirmity, and is satisfied that the degree of deafness or the impediment or other infirmity is such as to render the candidate incompetent to discharge the ordinary duties of the station on the ship which the certificate for which the candidate is being examined would entitle him to hold, he shall if the candidate so desires, allow him to complete the examination and shall report the matter to the Secretary for such action as he may deem necessary.

(2) Notwithstanding the provisions of these regulations, a form T.V. 5/106 or a certificate of competency shall not be issued to a candidate referred to in subregulation (1) who has passed the examination: Provided that a certificate of competency may be issued to a candidate who, after having passed the examination, produces satisfactory evidence to the Secretary to the effect that his hearing, speech or physical or mental condition has improved or is normal.

Service Found to be Insufficient.

9. (1) If, after a candidate has passed the examination, it is discovered that his service is insufficient to entitle him to receive a certificate of the grade for which he has passed, the certificate shall not, subject to the provisions of this regulation, be granted to him.

(2) If the Secretary is not satisfied that the error in the calculation of the candidate's service occurred through the fault of or through wilful misrepresentation by the candidate, the certificate shall be withheld pending the production of satisfactory proof that the necessary service has been completed in full, upon which the certificate shall, subject to the provisions of these regulations, be issued to him.

(3) If the Secretary is satisfied that the error was deliberately made, the certificate shall be withheld until the candidate has completed the necessary qualifying service in full and has performed such further period of service as may be decided by the Secretary, has again paid the appropriate fee and has again passed the examination.

(4) Any additional service performed by the candidate in terms of subregulation (3) shall not count as qualifying service for any other certificate.

Copies of Lost Certificates.

10. An applicant for a certified copy of a lost certificate, whether of competency or service, shall complete the prescribed form of application T.V. 5/103 set forth in Annex 1, giving the necessary particulars, and shall hand it to the proper officer, paying at the same time the fee of R2. A declaration as to the circumstances in which the certificate was lost shall be made by the applicant before the proper officer, who shall transmit the form of application to the Secretary.

Geen betaling word gevorder as die applikant bewys lewer dat die sertifikaat as gevolg van skipbreuk of 'n brand aan boord verloor is nie.

Wangedrag van Kandidate.

11. (1) In die geval van 'n kandidaat wat—

(*a*) na ondertekening van die ooreenkoms met die bemanning nagelaat het om hom by sy skip aan te meld;

(*b*) van sy skip gedros het nadat hy hom daar aangemeld het;

(*c*) deur 'n wettige regsprekende liggaam skuldig bevind is aan 'n misdryf waarvoor hy tot gevangenisstraf sonder boete as keuse gevonnis is of wat na die oordeel van die eksaminator van 'n ernstige aard is; of

(*d*) skuldig bevind is aan 'n misdryf ten opsigte waarvan ooreenkomstig artikel 183 (*b*) van die Wet 'n inskrywing in die amptelike skeepsjoernaal aangebring en wat na die mening van die eksaminator van 'n ernstige aard is,

moet die getuigskrifte wat by regulasie 7 (4) vereis word, die tydperk van 2 jaar na sodanige wangedrag dek; met dien verstande dat die Sekretaris die tydperk na eie oordeel op versoek van die kandidaat kan verkort nadat hy die saak ondersoek het.

(2) Indien ooit aan die Sekretaris gerapporteer word dat 'n kandidaat 'n eksaminator of iemand anders wat kragtens die Wet werksaam is, 'n som geld of iets anders hoegenaamd aangebied het met die doel om hom op enige wyse met betrekking tot 'n eksamen te beïnvloed, moet die Sekretaris na die saak ondersoek instel en indien hy daarvan oortuig is dat die kandidaat so 'n aanbod vir vermelde doel gedoen het, kan hy weier om toe te laat dat die kandidaat geëksamineer word of, indien die eksamen reeds begin het, kan hy die eksaminator gelas om nie met die eksamen voort te gaan nie, of, indien die eksamen reeds voltooi is, kan hy die uitslag daarvan nietig verklaar, en hy kan die geld wat deur die kandidaat betaal is, verbeurd verklaar en weier om toe te laat dat sodanige kandidaat hom binne 'n tydperk van hoogstens 12 maande met ingang van die datum waarop sodanige aanbod gedoen is, vir 'n eksamen in die Republiek aanmeld.

HOOFSTUK II.

KWALIFIKASIES VEREIS VAN 'N KANDIDAAT VIR 'N SERTIFIKAAT VAN BEKWAAMHEID AS TWEEDE INGENIEUROFFISIER (KUSVAART) EN ENDOSSEMENT OF HOOF-INGENIEUROFFISIER (KUSVAART) EN ENDOSSEMENT.

A. *Kandidaat vir 'n Sertifikaat van Bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart) en Endossement.*

Ouderdom van Kandidaat.

12. 'n Kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart) moet minstens 21 jaar oud wees.

(1) *Werkwinkeldiens.*

Diens as Leerlingingenieur of Ambagsgesel.

13. (1) 'n Kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart) moet bewys dat hy sedert bereiking van die leeftyd van 15 jaar minstens 4 jaar lank as leerlingingenieur of ambagsgesel bevredigende diens gelewer het in werk wat vir die opleiding van 'n skeepswerktuigkundige in die vervaardiging of onderhoud van masjinerie geskik is.

No fee is chargeable if the applicant shows that the certificate was lost through shipwreck or fire on board ship.

Misconduct by Candidates.

11. (1) In the case of a candidate who—

(*a*) after having signed the agreement with the crew, has neglected to join his ship;

(*b*) after having joined, has deserted his ship;

(c) has been convicted by a legal tribunal of an offence for which he has been sentenced to imprisonment without the option of a fine or which the examiner considers to be of a serious nature; or

(*d*) has been found guilty of an offence in respect of which an entry has been made in the official logbook in terms of section 183 (*b*) of the Act and which the examiner considers to be of a serious nature,

the testimonials required in terms of regulation 7 (4) shall cover the period of 2 years subsequent to such misconduct: Provided that upon the application of the candidate the Secretary, after having investigated the matter, may in his discretion reduce the period.

(2) If at any time it is reported to the Secretary that a candidate has offered any sum of money or other thing whatsoever to any examiner or any other person employed under the Act for the purpose of influencing him in any manner in relation to an examination, the Secretary shall enquire into the matter, and if he is satisfied that the candidate has made such an offer for the said purpose, he may refuse to permit the candidate to be examined or, if the examination has already commenced, may direct the examiner not to proceed with the examination, or, if the examination has already been completed, may cancel the result thereof, and may order the forfeiture of any fee paid by the candidate, and may refuse to allow him to present himself at any future examination in the Republic for a period not exceeding 12 months from the date of making such offer.

CHAPTER II.

QUALIFICATIONS REQUIRED OF A CANDIDATE FOR A CERTIFICATE OF COMPETENCY AS SECOND ENGINEER-OFFICER (COASTING) AND ENDORSEMENT, OR CHIEF ENGINEER-OFFICER (COASTING) AND ENDORSEMENT.

A. *Candidate for a Certificate of Competency as Second Engineer-Officer (Coasting) and Endorsement.*

Age of Candidate.

12. A candidate for a certificate of competency as Second Engineer-Officer (coasting), shall be not less than 21 years of age.

(1) *Workshop Service.*

Service as Apprentice Engineer or Journeyman.

13. (1) A candidate for a certificate of competency as Second Engineer-Officer (coasting), shall prove that since reaching the age of 15 years he has served satisfactorily for not less than 4 years as apprentice engineer or journeyman on work suitable for the training of a marine engineer in the manufacture or maintenance of machinery.

(2) Die tydperk van 4 jaar werkwinkeldiens wat by subregulasie (1) vereis word, moet bestee gewees het—

(*a*) aan die montering, oprigting of herstel van masjinerie van geskikte grootte of beskrywing (bv. werk aan skeepsmasjiene en taamlike groot hulpmasjiene van 'n tipe wat in skepe geïnstalleer word, of aan aandrywingsmasjiene van dergelike waarde in die opleiding van skeepswerktuigkundiges), hetsy in of buite die werkwinkel; of

(*b*) gedeeltelik aan die tipe werk genoem in paragraaf (*a*) en gedeeltelik aan ander geskikte werk of uitsluitlik aan ander geskikte werk, onderworpe daaraan dat tydsbesteding aan sekere gespesialiseerde tipes werk op die volgende grondslag geskied:—

Herstel en onderhoud van swaardiensdieselmasjiene	Voltyds tot hoogstens 3 jaar.
Herstel en onderhoud van petrolmasjiene	Voltyds tot hoogstens 1 jaar.
Metaaldraaiwerk.....	Voltyds tot hoogstens 2 jaar.
Geelkoperafwerking.....	Voltyds tot hoogstens 1 jaar.
Maak of herstel van ketels.....	Voltyds tot hoogstens 1 jaar.
Modelmakery.....	Voltyds tot hoogstens 1 jaar.
Skaafwerk, gleufwerk, sterk armskaafwerk en freeswerk	Voltyds tot hoogstens 1 jaar.
Gereedskapkamer.....	Voltyds tot hoogstens 1 jaar.
Goedgekeurde skemas vir opleiding in die gebruik van handgereedskap en klein masjiengereedskap.	Voltyds tot hoogstens 1 jaar.
Smidswerk.....	Voltyds tot hoogstens 6 maande.
Kopersmidswerk.....	Voltyds tot hoogstens 6 maande.
Sweiswerk.....	Voltyds tot hoogstens 6 maande.
Werk in tekenkantoor as tekenaar of ingenieur werksaam in verband met samestelling, detail of ontwerp	Voltyds tot 1 jaar. Indien meer as 1 jaar in die tekenkantoor deurgebring is, tel net die helfte van die addisionele tyd.
Elektriese winkel of herstelwerk nie reeds hierbo gedek nie, uitgesonderd werk van minderwaardige aard	Voltyds tot 1 jaar, en daarbo tel net die helfte. Die totaal is onderworpe aan 'n maksimum van 18 maande.

Studente- of Tegniese Vakleerlingskappe.

14. As alternatief van die bepalings van regulasie 13 kan die Sekretaris na eie oordeel iemand as kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart) toelaat wat minstens 4 jaar lank bevredigende diens gelewer het in 'n georganiseerde studente- of tegniese vakleerlingskap goedgekeur deur die Sekretaris; met dien verstande dat die kandidaat 'n gepaste tegniese kwalifikasie verwerf het en minstens 1 jaar bestee het aan die tipe werkwinkeldiens waarvan in regulasie 13 (2) melding gemaak word.

Voltydse of Stapelkursusse aan Tegniese Skole, Tegniese Kolleges of Universiteite.

15. (1) As verdere alternatief van die bepalings van regulasie 13 kan die Sekretaris na eie oordeel iemand as kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart) toelaat wat 'n goedgekeurde voltydse of stapelkursus van minstens 3 jaar in meganiese ingenieurswese aan 'n goedgekeurde tegniese skool, tegniese kollege of universiteit op bevredigende wyse voltooi het en minstens 24 maande lank in werkwinkels werk verrig het wat vir die opleiding van 'n skeepswerktuigkundige geskik is; met dien verstande dat daar van die 24 maande wat by hierdie regulasie vereis word, minstens 6 agtereenvolgende maande bestee is aan die tipe werkwinkeldiens waarvan in regulasie 13 (2) melding gemaak word.

(2) The period of 4 years' workshop service required in terms of subregulation (1) shall have been spent—

(*a*) on the fitting, erecting or repairing of machinery of suitable size or description (e.g. work on marine engines and substantial auxiliary machinery of a type fitted in ships, or on motive power machinery which has a similar value in the training of marine engineers) either in the works or outside; or

(*b*) partly on the type of work specified in paragraph (*a*), and partly or entirely on other suitable work, subject to a time allowance for certain specialized types of work on the following basis:—

Repair and maintenance of heavy duty diesel engines	Full time up to a maximum of 3 years.
Repair and maintenance of petrol engines	Full time up to a maximum of 1 year.
Metal turning.....	Full time up to a maximum of 2 years.
Brass finishing.....	Full time up to a maximum of 1 year.
Boiler making or repairing of boilers	Full time up to a maximum of 1 year.
Pattern making.....	Full time up to a maximum of 1 year.
Planing, slotting, shaping and milling	Full time up to a maximum of 1 year.
Tool room.....	Full time up to a maximum of 1 year.
Approved schemes of training in the use of hand and small machine tools	Full time up to a maximum of 1 year.
Smith work.....	Full time up to a maximum of 6 months.
Coppersmith work.....	Full time up to a maximum of 6 months.
Welding.....	Full time up to a maximum of 6 months.
Work in drawing office as draughtsman or engineer engaged on arrangement, detail or design	Full time up to 1 year. When more than 1 year has been spent in the drawing office, only half the additional time will count.
Electrical shop or repair work not already covered above, excluding work of a minor nature	Full time up to 1 year; additional at half rate. Maximum total 18 months.

Student or Technical Apprenticeships.

14. As an alternative to the requirements of regulation 13, the Secretary may in his discretion admit a candidate for a certificate of competency as Second Engineer-Officer (coasting) who has performed satisfactory service for not less than 4 years in an organised student or technical apprenticeship approved by the Secretary: Provided that the candidate has obtained an appropriate technical qualification and has spent not less than 1 year on the type of workshop service referred to in regulation 13 (2).

Full-time or Sandwich Technical School, College or University Courses.

15. (1) As a further alternative to the requirements of regulation 13, the Secretary may in his discretion admit a candidate for a certificate of competency as Second Engineer-Officer (coasting) who has satisfactorily completed at an approved technical school, college or university an approved full-time or sandwich course of study of at least 3 years in mechanical engineering, and has served for not less than 24 months in workshops on suitable work for the training of a marine engineer: Provided that of the 24 months required by this regulation at least 6 consecutive months shall have been spent on the type of workshop service referred to in regulation 13 (2).

(2) Geskikte werkwinkelopleiding gedurende vakansies van die tegniese skool, tegniese kollege of universiteit en tydperke van altesaam hoogstens 6 maande bestee aan die werkwinkel se vakleerlingopleidingskemas vir passers en draaiers of aan dergelike opleiding in die werkwinkels van 'n tegniese skool, tegniese kollege of universiteit kan deel uitmaak van die 24 maande diens wat by hierdie regulasie vereis word, maar is onderworpe aan 'n gesamentlike maksimum van 9 maande. Afsonderlike tydperke van opleiding mag nie korter as 1 maand wees nie.

Vergoedende Diens.

16. (1) Waar 'n kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid as Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart) werkwinkeldiens verrig oor die tydperk voorgeskryf in regulasie 13, 14 of 15, kan vir tekorte in sodanige diens vergoed word deur verdere werkwinkeldiens van 'n geskikte aard of deur vergoedende diens op gereelde waghoudiens of deur dagwerk.

(2) Vergoedende diens moet verrig word—

(*a*) òf by wyse van dagwerk ter see as Ingenieuroffisier op 'n skip wat kort of lang seereise onderneem;

(*b*) òf by wyse van dagwerk as Ingenieuroffisier op 'n modderskuit, baggerskip of sleepboot wat in 'n hawe optree of die see kort afstande invaar;

(*c*) òf by wyse van gereelde waghoudiens op so 'n skip.

Van die tyd aldus deurgebring op 'n skip wat lang seereise onderneem, kan twee-derdes en van die tyd aldus deurgebring op 'n skip wat kort seereise onderneem of op 'n modderskuit, baggerskip of sleepboot wat in 'n hawe optree of die see kort afstande invaar, kan vier-negendes as bekwamende werkwinkeldiens gereken word; met dien verstande dat sulke werk wat voor die ouderdom van 20 jaar verrig is, nie aldus gereken mag word nie.

(2) *Seediens.*

Tydperk Seediens vereis van 'n Kandidaat vir 'n Sertifikaat van Bekwaamheid as Tweede Igenieuroffisier (Kusvaart).

17. 'n Kandidaat vir 'n sertifikaat van bekwaamheid (stoom of motor of stoom en motor) as Tweede Ingenieuroffisier (Kusvaart) moet na voltooiing van die werkwinkeldiens vereis by regulasie 13, gelees met regulasies 14, 15 en 16, en na voltooiing van die vergoedende diens (as daar is) wat kragtens regulasie 16 in plaas van werkwinkeldiens aanvaar word, bewys lewer dat hy die volgende tydperk seediens verrig het:—

